LANGEBERG express
ASHTON BONNIEVALE McGREGOR MONTAGU ROBERTSON

MORE THAN JUST NEWS AND VIEWS * MEER AS NET INSIGTE EN BERIGTE



**Burgemeester met haar voete plat op die aarde**

Ontmoet die eerste vroue burgemeester

Page 3



**PARKS ARE IMPORTANT FOR COMMUNITY BUILDING**

A mother shares her views on parks

Page 6

25 000 FREE

Uitgawe 2, Junie 2011

# Nuwe raad en burgemeester vir Langeberg na verkiesing

***Usodolophu wokuqala wasetyhini kulomasipala uthembise ngokuzisa uxolelwaniso emva ngokutyunjwa ngokusesikweni***

History was made on Tuesday when Councillor Diana Gagiano, senior DA-official in the region, was elected to the position of Mayor during the first sitting of the third council of Langeberg Municipality.

She achieved a total of 14 votes during the council meeting against the 9 votes that were casted in favour of the former mayoral committee member and current Boland deputy secretary of the ANC, Councillor Errol Vollenhoven.

Gagiano, who is from Bonnievale, is the first female to occupy this position since the formation of this amalgamated municipality that incorporates Robertson, McGregor, Bonnievale, Ashton and Montagu.

But Gagiano has always been a pioneer as she was also the first female mayor of the Bonnievale Municipality.

She served as mayor of the Bonnievale Municipal Council from September 1997 until the 2000 local government elections that introduced the new municipal system.

Tydens haar aanvaardingstoespraak het sy beloof om haar gedurende haar ampstermyn as burgemeester toe te spits op versoening.

"As ons versoening wil doen, moet ons eers die mure tussen ons afbreek - mure van haat, misverstand, wantroue en ongeloof," het die nuwe burgemeester gesê.

Sy het ook die raad en die munisipaliteit tot "dienslewering, liefde en vrede" verbind en die uitdaging wat die gemeenskap en die raad aan haar stel, aanvaar.

Tydens dieselfde vergadering is Raadslid Davin Hull (DA) en Raadslid Kendry Meyer (COPE) onderskeidelik as speaker en uitvoerende onderburgemeester verkies.

Die uitvoerende burgemeester het ook na haar aanvaardingstoespraak die burgemeesterskomitee aangewys. Portefeuljes is nog nie toegeken nie, maar die lede is Raadslid Nicolin Crouwcamp (Civic Independent), Raadslid Eric Scheffers (DA) en Raadslid Schalk van Eeden (DA).

• *u-Daniela Gagiano wenze imbali kuMasipala wase-Langeberg ngokutyunjwa abengusodolophu wokuqala wasetyhini. Ulwamkele uxanduva alunikeziweyo ngumasipala kunye nabahlali base-Langeberg. Uthembise umasipala "ukuzisa iinkonzo ebantwini, uthando noxolo".*

*u-Davin Hull (DA) wonyulelwe ukuba sisithethi sikamasipala waze uKendry Meyer (COPE) wonyulelwa ukuba ngusekela sodolophu.*





## MM urges all to help in fight against waste and littering

On the eve of World Environment Day, 5 June, the municipal manager, Mr Andreas Mokweni, called on all citizens in the municipal area to join the municipality in it's fight against littering and waste.

"We are known across the country as a municipality that have some of the cleanest towns in South Africa. That is why we have won the Cleanest Town Competition in 2008. But we run the risk of loosing that status and prestige if all our communities do not help us to manage our waste better," the MM said.

He urged all households to use the free refuse bags provided or the wheelie-bins and to put them out on the different collection days.

"We will only win this war when all households work with us on this and all communities take charge of this campaign to reclaim our status," the MM added.

The MM also announced that as proof of the municipality's seriousness about this matter, it is currently inviting tenders for the supply of see-through and black refuse bags as well as wheelie-bins.

Apart from the above measures to deal with the problem, the municipality have also placed nearly 80 steelbins in all previously disadvantaged areas where households can place green-waste.

This waste will then be removed free of charge by the municipality.

• *Op die vooraand van Wêreld Omgewingsdag, 5 Junie, het die munisipale bestuurder, Mnr Adreas Mokweni, 'n beroep op huishoudings en gemeenskappe gedoen om met die munisipaliteit hande te vat in die oorlog teen afval en rommel.*

*Hy het gemeenskappe gemaan om asseblief hul rommel in die swart vullissakke, die deurskynende sakke (vir herwinbare rommel) of gewielde vullisdromme te sit op die dae wanneer huishoudelike vullis in hul area verwyder word.*

MEET REUBEN RIFFEL BL.2 * REMEMBERING THE YOUTH BL.6 * ONTLEDING OOR RAAD BL.7

LANGEBERG express

**PUBLISHED FOR:**

LANGEBERG
Private Bax X2
ASHTON
6715
Tel: (023) 615 8000

**MUNICIPAL MANAGER**
Soyisile A. Mokweni

**SENIOR MANAGER: EXECUTIVE SUPPORT SERVICES**
Celeste Matthys

**PUBLIC RELATIONS OFFICER**
Sunelle Posthumus

**PUBLISHED BY:**
ghoema MEDIA
PO Box 325 BONNIEVALE 6730
Tel: +27 23 616 3890
fax: +27 86 594 8889
email: ghoemamedia@yahoo.com

**EDITOR**
Lionel R. Adendorf

**EDITORIAL ASSISTANT**
Abrey Slingers

**PUBLISHER**
Luhle Skosana-Adendorf

**CIRCULATION**
Daniël Baadtjies

**COMMENTS AND SUGGESTIONS:**
Let us know what you think or how you think we can improve this publication by emailing your comments to *langebergexpress@yahoo.com*, faxing it to *086 594 8889* or mailing it to *Langeberg Express, PO Box 325, Bonnievale, 6730.*

**DISCLAIMER**
Kindly note that the opinions expressed in *LangebergExpress* are not necessarily those of Langeberg Municipality or the publishers.

**OMBUDSMAN**
If, for whatever reason, you feel that we have broken our own editorial policy or that of the South African Presscode, you can report that incident to the South African Press Ombudsman at (011) 484 3612/8, fax (011) 484 3619 or via email to ombudsman@presscouncil.org.za

# THE LANGEBERG I KNOW

## 10 Vrae aan Reuben Riffel

***Reuben Riffel is sekerlik een van Suid-Afrika se bekendste sjefs. Nie net sien ons hom gereeld in die Robertson's speserye advertensie nie, maar is hy ook die eienaar van twee suksesvolle en gewilde restaurante in Robertson en in Franschhoek. Hy het ook onlangs in die eksklusiewe One&Only Hotel in Kaapstad oopgemaak.***



**1** ***Wanneer het jy vir die eerste keer hierdie area besoek en hoe het dit gebeur dat jy dit daardie tyd besoek het?***
My vrou is van McGregor en ek het die area besoek vandat ek haar leer ken het. Natuurlik later, met die restaurant in Robertson, het ek al meer met die area se mense in aanraking gekom.

**2** ***Wat was jou eerste indrukke van die area?***
Ek het onmiddelik van die area gehou. Ek dink dit het te doen met die mense, die mooi plase, die lekker vars vrugte, groente en lekker wyn.

**3** ***Watter dorp in hierdie area (Robertson, Montagu, Bonnievale, Ashton en McGregor) is jou gunsteling en hoekom?***
Ek het Montagu baie geniet, maar het Roberston nou al goed leer ken, so vir nou is dit nog Roberston. Ek sal graag nog die ander dorpe beter wil leer ken.

**4** ***Wat dink jy van die natuurskoon van die area en hoe dink jy kan dit verbeter word?***
Ek moet sê dat die natuurskoon van die area oor die algemeen opvallend mooi en dink dat dit daarom belangrik is dat daar nie te veel rommelstorting moet gebeur nie.

**5** ***Wat geniet jy die meeste van die area en hoekom?***
Ek geniet die mense, die interresante winkeltjies, die diens in baie van die restaurante is altyd uitstekend. Die plase langs die Breërivier is asemrowend en die wyn en muskadel van hierdie area is altyd goed.

**6** ***Wat (of wie) het jou laat besluit om meer hierheen te kom?***
Wel, daar was 'n geleentheid vir 'n besigheid en ek hou van die area so dit was maklik om die besluit te neem om hierheen te kom.

**7** ***Het jy al enigsins met die munisipaliteit te doen gehad en hoekom (of indien nie, hoekom nie)?***
Nog nie, ek het nog geen rede gehad om direk met die munisipaliteit te deel nie.

**8** ***Wat is jou indrukke van munisipale dienste?***
Ek dink dit is baie effektief. Natuurlik het baie munisipaliteite sekere uitdagings, maar ek geniet die gesonde kompetisie tussen die verskillende munisipaliteite om die beste te wees.

**9** ***Hoe sou jy dit vergelyk met ander dienste by ander munisipaliteite waarmee jy al te doen gehad het?***
Ek kan dit net vergelyk met die dorp vanwaar ek kom, en soos ek sê daar is baie uitdagings, maar op die oog af is dit een van die beter munisipaliteite in die Wes-Kaap.

**10** ***Wat is jou boodskap aan die mense van hierdie area?***
Julle is baie gelukkig om in so 'n mooi area te woon en al wil 'n mens hê meer mense moet daarvan uitvind, sal ek ook verkies dat hierdie pragtige area nie te besig word nie. Ek sien uit om nog baie hier te kom kuier.

**REUBEN SE PUNT VIR DIE MUNISIPALITEIT** 8/10

# LANGE-PRET

### WOORD-RAAI

Soek die name van die vyf dorpe in die Langeberg Munisipality.
*Look for the names of the five towns in the Langeberg Municipality.*

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | M | G | R | E | G | O | R | D | E | L | E |
| W | S | D | H | U | I | K | L | G | D | L | J |
| C | X | H | D | A | S | H | T | O | A | E | P |
| W | A | G | T | S | F | Y | U | V | F | D | O |
| G | T | Y | I | H | D | A | E | M | V | O | P |
| C | B | F | I | T | N | I | P | C | O | D | Y |
| S | E | O | M | O | N | T | A | G | U | N | M |
| S | E | U | N | N | G | J | T | R | C | I | T |
| O | I | B | O | N | N | I | E | E | V | D | I |
| V | U | B | S | P | I | C | Y | G | D | R | A |
| A | R | O | B | E | R | T | S | O | N | V | Y |
| G | P | B | M | C | G | R | E | R | G | O | P |

### SUDOKU

Fill in all the squares in the grid so that each row, each column and each 3x3 square contain all the digits from 1 to 9.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | | 7 | | 3 | 6 | |
| | 9 | | | | | 4 | | 8 |
| | 5 | 4 | 8 | 1 | | | | 2 |
| | 8 | | 7 | 5 | | 6 | 4 | |
| 4 | 3 | 9 | 6 | | 8 | 1 | 5 | 7 |
| | 7 | 6 | | 9 | 4 | | 8 | |
| 9 | | | | 4 | 7 | 8 | 3 | |
| 7 | | 3 | | | | | 2 | |
| | 1 | 8 | | 6 | | 7 | | |

(c) Daily Sudoku Ltd 2011. All rights reserved.

### GRAPPIES

***Boeta Paiks en die dokter***
Boeta Paiks lê in Montagu Hospitaal na 'n ernstige ongeluk oppad Ashton toe. Hy vra vir die dokter: "Sal ek darem kan kitaar speel?"
"Ja," sê die dokter.
"Dis fantasties," sê Boeta Paiks, "want ek kon nog nooit nie!"

***Die Weddenskap***
Jan en Gert sit en kyk die 7-uur nuus op televisie. Daar is 'n insetsel van 'n man wat dreig om by 'n hoë gebou af te spring.
"Ek wed jou R10 hy gaan spring!" sê Jan.
"Nou goed," antwoord Gert. "Dan wed ek jou tien rand hy sal nie spring nie."
Die volgende oomblik duik die man van die gebou se dak af en val homself te pletter op die sypaadjie.
Gert skud net sy kop en betaal Jan die R10.
'n Tydjie later begin Jan se gewete aan hom knaag.
"Gert, eintlik was ons weddenskap nie eerlik nie. Ek het op die 6-uur nuus [illegible] gesien, en ek het geweet hy gaan spring."
"Dis OK," antwoord Gert. "Ek het ook [illegible] nuus gesien, maar ek het nie gedink hy sal weer spring nie."

# BURGEMEESTER MET HAAR VOETE PLAT OP DIE AARDE






*FOTO'S: 1.Voor: Daniela se kinders, Andro, Carmen en Gian-Carlo - Agter: Andrè, Daniela, Leonie Gagiano en Carlo Gagiano, onderskeidelik Daniela se skoonsuster en haar swaer (laasgenoemde is ook die hoof van die Suid-Afrikaanse Lugmag). 2.Daniela en Andrè op hul troudag. 3.Andrè en Daniela met hul kinders toe dié heelwat jonger was. 4.Daniela tóé as burgemeester van Bonnievale.*

"Lewe is dol," verklaar Diana Gagiano, die nuutgekose burgemeester van die Langeberg Munisipaliteit, met die intrapslag.

"Ek vind skaars my voete," sê sy dan terwyl sy haar handsak neersit, haar hare uit haar gesig vee en haar man, André, soengroet.

Sy het so pas teruggekeer van 'n vergadering met munisipale personeel in die Ashton kantoor en kan nie uitgepraat raak oor hoe beïndruk sy is met die span nie.

***"...ek kan my slegs daartoe verbind om dienbaar te wees vir al die mense van hierdie pragtige vallei."***

"Daardie mense doen soveel goeie werk, dit is lekker om na hulle te luister en dit motiveer jou sò om te weet dat jy met hierdie mense sal saamwerk," sê sy.

Sy verwys na die suksesse wat die administratsie die afgelope ruk behaal het en is amper bang om te beloof dat sy sal probeer om daarop te verbeter, want sy is nie een vir beloftes nie.

"Soos ek in my aanvaardingstoespraak gesê het, is ek nie een vir beloftes nie. Ek glo eerder dat harde werk kweek resultate en ek kan my slegs daartoe verbind om my diensbaar te stel vir al die mense van hierdie pragtige vallei."

André, met wie sy al vir 32 jaar getroud is, ken haar so.

"Sy is plat op die aarde, en wat ek die meeste van haar bewonder is die feit dat sy met enigeen met die grootste gemak kan komminikeer asof hulle ou vriende is," sê hy met bewondering.

***"Haar vriendelikheid, aanpaspaarheid en die feit dat sy altyd luister... sal sy gebruik in haar nuwe uitdaging."***

"Sy is vol deernis vir mense en ek dink dit is wat ons gebied se mense nou die nodigste het," voeg hy by. .

Diegene wie al met haar gewerk het, ken haar ook so.

"Sy is nie een wat baie praat en filosofeer oor probleme en oplossings nie," sê Jaco Jooste, tans Direkteur: Infrastruktuur Ontwikkeling in Langeberg Munisipaliteit wie ook stadsklerk van die Bonnievale Munisipaliteit was toe Gagiano daar burgemeester was.

"Sy is voorwaar iemand op wie jy kan staatmaak, 'n harde werker wie nie bang is vir moue oprol," bevestig Jooste.

Jooste vertel dan van die formele riolering van Bonnievale, een van die projekte waarop hulle saamgewerk het tydens haar ampstermyn.

"Sy het saam met ons amptenare gaan inspeksie doen waar ons besig was en het altyd seker gemaak dat sy weet wat aangaan," vertel hy dan.

Maar dis dan asof hy moeite het om haar passie vir mense te verduidelik: "Weet jy daar is so baie insidente en geleenthede waar sy dit haar werk gemaak het om die mense van hierdie area beter te ken en te verstaan. So het sy dan saam met ons planne beraam om die lewens van hierdie mense, vir wie sy op die hart dra, te verbeter."

Ook Johann Stapelberg, voormalige skoolhoof van Hoërskool Bonnievale, waar Gagiano vir lank voorsitter van die ouer-onderwyser vereniging was, ken haar deurnis, omgee en liefde vir mense.

"Sy was as ouer baie betrokke by die skool en het altyd, sonder skroom, haar deel as ouer gedoen - soms meer as wat sy moes. Of dit nou was met hulp tydens matriek-afskeid, sport-afrigting of fondsinsameling, ons het altyd geweet dat ons op haar kon staatmaak," sê Stapelberg wie ook vir al drie haar kinders klas gegee het.

Hy voeg ook by dat sy altyd betrokke is in haar gemeenskap en omgewing en dat sy altyd probleme antisipeer en oplossings soek selfs wanneer andere nog nie eens bewus is van 'n probleem.

"Laat ek jou nou dit sê: Diana Gagiano het nie 'n ketting nodig om te doen dit wat sy die meeste van hou nie. Sy bly maar net soos sy is en soos sy is, is hoe ons almal haar ken. "

Hy merk dan op dat "haar vriendelikheid, aanpasbaarheid en die feit dat sy altyd luister" dié drie karaktereienskappe is wat haar nog altyd deur die jare gedra het hy is daarvan oortuig dat sy ook dit sal gebruik in haar nuwe uitdaging as burgemeester.

"Vir haar gaan dit nie oor politiek nie, maar wel oor dienslewering; iets waarmee sy vertroud is en waarop sy ingestel is," sê Stapelberg.

Ook Willem Liebenberg, die dominee van die plaaslike NG Gemeente, waar Gagiano eens 'n kerkraadslid was, onthou haar as iemand wat haar altyd beskikbaar stel vir ander mense.

"Haar diensbaarheid, die feit dat sy so 'n groot hart het vir ander, is seker een van die eienskappe wat sy altyd met haar sal saamdra," sê Liebenberg.

"Sy is net so 'n pragtige mens wat graag vir almal 'n plekkie onder die son wil gee. Sy wil toesien dat mense wie in nood verkeer, gered word, mense wat hulp nodig het, gehelp moet word en diegene wat 'n behoefte het, se behoeftes vervul moet word," voeg hy by.

Al vier mans sien haar nie as iemand wat konflik-soekerig is of konflik sal saai nie, maar hulle stem al vier saam dat sy altyd vrede en versoening najaag.

"Soos politiek maar is, sal daar tye wees dat daar hewig verskil word, maar soos ek haar ken sal sy altyd die minste wees en vrede najaag omdat sy 'n goddelike behoefte het om altyd in vrede met ander saam te leef," som Liebenberg dit op.

"Wanneer Diana Gagiano praat van versoening, is dit nie net 'n politieke stelling nie, maar dit is omdat sy eerlikwaar daarin glo en ek is daarvan oortuig dat sy hierdie posisie sal gebruik om dit te verseker onder alle mense in ons munisipaliteit."

Liebenberg is reg, vir Diana, wie ook op die streeksbestuur van die DA is, gaan dit regtig nie oor posisies nie.

"Ek het grootgeword toe apartheid op sy ergste was en as kind kon ek nie verstaan hoekom ons bediende aan die een kant van die duikweg moes loop en ek aan die anderkant nie," vertel sy.

"Vir my gaan dit daaroor om 'n verskil in mense se lewens te maak, om hul menswaardigheid te herstel nadat dit afgebreek is deur huisloosheid en werkloosheid," voeg sy by.

Sy glo dat die onderskeie gemeenskappe in die munisipaliteit verskillende uitdagings ervaar, maar sy glo dat daardie uitdagings een vir een aangespreek kan word

"Ons móét dit aanspreek, want wanneer ons aan mense se menswaardigheid werk, is versoening soveel makliker en dit is wat ek die graagste wil hê," sê sy.

Hierdie formidabele vrou, wie oomblikke gelede gekla het dat sy nie haar voete kon vind, se voete is steeds plat op die aarde, tussen die mense vir wie sy omgee, en haar oogmerk bly die verbetering van omstandighede van veral diegene wie in plakkerskampe bly, werkloos is en hulself in armoede bevind.

Maar net toe sy haar skoene wil uitskop om gemaklik te wil sit, herinner André haar weer dat dit die burgemeester se beurt is om skottelgoed te was.

En net voor sy weer haar voete kon vind, het sy al weer 'n voorskoot aan...

# THE TOWNS THAT MAKE OUR MUNICIPALITY

***McGregor:*** The village of McGregor was laid out in 1861, the population then totaling 50. In 1894 a village management board was established and in 1907 the village became a municipality. McGregor was originally known as Lady Grey, but the name was changed in 1905, to avoid confusion with Lady Grey near Aliwal North. It was renamed in honour of the Rev Andrew McGregor, who had been the Dutch Reformed Church minister of the Robertson District for forty years.

***Ashton:*** With the completion of the railway line from Worcester to the coastal regions in 1887, the trading post, Roodewal, became a railway station, and shortly afterwards was renamed Ashton, in honour of Job Ashton, director and railway engineer of the New Cape Central Railways (Ltd), For several years the settlement consisted of only a railway station, warehouse, hotel, post office, butchery, a little school, one shop and a few houses. During 1939 and 1940 extraordinary growth took place with the opening of the Langeberg Co-operative, resulting in the farmland being divided into plots. Development received a further boost with the establishment of a second canning factory in 1949. In 1956 Ashton gained municipal status.




***Bonnievale:*** In 1902 a railway halt was constructed between Robertson and Swellendam and was called "Vale". In 1917 the halt received full status as a railway station and was then called Bonnievale. In 1922 a village management board was elected. The town received full municipal status in April 1953.

***Montagu:*** Montagu, once known as "Agter Cogman's Kloof", lies between the Keisie and Kingna Rivers. The only exit to the west was through Cogman's Kloof, and strong teams of horses or oxen were needed for the journey. John Montagu, the British Secretary of the Cape Colony based in Cape Town in the 1850s, envisaged the potential of the Cape Colony, but realised that it could never develop without efficient transport and communications. Montagu was aided by pioneering road engineers to create passes through the mountain barriers. Through his efforts, the country could be developed agriculturally and he became a popular figure In Tribute to him the village was officially named Montagu in 1851 and he traveled there to "baptize" the town.




***Robertson:*** Robertson was founded in 1853 and named after Dr Robertson, then pastor at Swellendam.

Robertson is one of the largest wine-producing regions in the Republic: its most famous product is dry white table wine. At the local KWV distillery there are 128 stills, which must make it the largest in the world. Another important industry is the factory of Food and Nutritional Products (Pty) Ltd., which manufactures condensed milk, among other products.

Because of the area's relatively low rainfall, there is intensive irrigation. About 25km of irrigation canals, leading from the Breede River, carry water that is pumped by electricity as far as Montagu. Robertson is South Africa's first irrigation district.

Although the rural area is in extent much larger than the urban areas, the majority of the population reside in urban areas. As the agriculture sector is currently experiencing economic difficulties, it is envisaged that more people will move to the urban areas to seek employment. The spatial implication of this is that the residential need in the towns will increase with subsequent pressure on resources such as water and energy.

Problems within agriculture, such as the closure of production plants and factories, as well as surpluses in the wine industry, contribute to the poverty, situation. The region's potential for tourism is well known and recent studies have highlighted various options for development in this regard. It forms part of the well-known Route 62.

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

## PROPOSED CONSENT USE

## VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK

### MK 51/2011
### VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK : RESTANT VAN DIE PLAAS CONCORDIA NR 110, MONTAGU

Kennis geskied hiermee ingevolge die skemaregulasies uitgevaardig ingevolge Artikel 8 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 15 van 1985 (PK1048 van 1988) dat 'n aansoek om vergunningsgebruik soos hieronder uiteengesit by die Raad voorgelê gaan word en dat dit gedurende kantoorure ter insae lê by die Raad se Afdeling : Stadsbeplanning te Piet Retiefstraat 3, Montagu. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by Jack van Zyl (023 - 614 8000) beskikbaar.

Aansoeker:- MJ Rossouw
Eiendom :- Rest van die Plaas Concordia Nr 110, Montagu
Eienaar :- CJ Burger
Grootte :- 48.6804ha
Voorstel :- Plaaswinkel
Huidige sonering:- Landbousone I

Skriftelike, regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, kan by die ondergemelde adres of enige van die Langeberg munisipale kantore ingedien word voor of op 17 Junie 2011. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde Montagu kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit, daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf. Geen laat besware sal oorweeg word nie.

### MK 51/2011
### PROPOSED CONSENT USE : REMAINDER OF THE FARM CONCORDIA NO 110, MONTAGU

In terms of the scheme regulations promulgated in terms of Section 8 of the Land Use Planning Ordinance, 15 of 1985 (PN 1048 of 1988), notice is hereby given that an application has been received for the consent use as set out below. This application is to be submitted to Council and will be available for scrutiny at Council's Section : Town Planning at 3 Piet Retief street, Montagu. Further details are obtainable from Jack van Zyl (023 - 614 8000) during office hours.

Applicant :- MJ Rossouw
Property :- Rem of the Farm Concordia No 110, Montagu
Owner :- MJ Rossouw
Size :- 48.6804ha
Proposal :- Farm Store
Existing zoning :- Agricultural zone I

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application must be lodged in writing with the undersigned or at any Langeberg municipal office on or before 17 June 2011. Any person who cannot write may come to the Montagu office during office hours where a staff member of the municipality, will assist that person to transcribe that person's comments or representations. Late objections will not be considered.

### MK 54/2011
### VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK : DIE PLAAS OLIENHOUTSBOS NR 688, SWELLENDAM

Kennis geskied hiermee ingevolge die skemaregulasies uitgevaardig ingevolge Artikel 8 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 15 van 1985 (PK1048 van 1988) dat 'n aansoek om vergunningsgebruik soos hieronder uiteengesit by die Raad voorgelê gaan word en dat dit gedurende kantoorure ter insae lê by die Raad se Afdeling : Stadsbeplanning te Piet Retiefstraat 3, Montagu. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by Tracy Brunnings (023 - 614 8000) beskikbaar.

Aansoeker:- Boland Plan
Eiendom :- Die Plaas Olienhoutbos Nr 688, Swellendam
Eienaar :- Wolfaardt Familietrust
Grootte :- 7.4705ha
Voorstel :- Gastehuis & 1 Addisionele woning vir Plaasvakansie akkommodasie
Huidige sonering:- Landbousone I

Skriftelike, regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, kan by die ondergemelde adres of enige van die Langeberg munisipale kantore ingedien word voor of op 24 Junie 2011. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde Montagu kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit, daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf. Geen laat besware sal oorweeg word nie.

### MN 54/2011
### PROPOSED CONSENT USE : THE FARM OLIENHOUTBOS NO 688, SWELLENDAM

In terms of the scheme regulations promulgated in terms of Section 8 of the Land Use Planning Ordinance, 15 of 1985 (PN 1048 of 1988), notice is hereby given that an application has been received for the consent use as set out below. This application is to be submitted to Council and will be available for scrutiny at Council's Section : Town Planning at 3 Piet Retief street, Montagu. Further details are obtainable from Tracy Brunnings (023 - 614 8000) during office hours.

Applicant :- Boland Plan
Property :- Plaas Olienhoutbos No 688, Swellendam
Owner :- Wolfaardt Familietrust
Size :- 7.4705ha
Proposal :- Guest house and 1 Additional dwelling for farm holiday accommodation
Existing zoning:- Agricultural zone I

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application must be lodged in writing with the undersigned or at any Langeberg municipal office on or before 24 June 2011. Any person who cannot write may come to the Montagu office during office hours where a staff member of the municipality, will assist that person to transcribe that person's comments or representations. Late objections will not be considered.

### MK 56/2011
### VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK : GEDEELTE 5 (EIKENHOF) VAN DIE PLAAS THE VINEYARD NR 111, MONTAGU (SELLULêRE BASIS STASIE MET KOMMUNIKASIEMAS)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 15(2)a van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek om voorgestelde vergunningsgebruik soos hieronder uiteengesit by die Raad voorgelê gaan word en dat dit gedurende kantoorure ter insae lê by die Raad se Departement : Stadsbeplanning (Montagu) te Piet Retiefstraat 3, Montagu. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by Tracy Brunnings (023 - 614 8000) beskikbaar.

Aansoeker:- Cell C
Eiendom :- Ged 5 (Eikenhof) van die Plaas The Vineyard Nr 111, Montagu
Eienaar :- AP Burger Familie Trust
Ligging :- 32km wes van Montagu
Grootte :- 102,1467 ha
Voorstel :- Cell C basis stasie
Huidige sonering:- Landbousone I

Skriftelike, regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, kan by die ondergemelde adres of by hierdie Raad se Montagu kantoor ingedien word voor of op 25 Junie 2011. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na 'n plek kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit, wat in die uitnodiging gemeld word, daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf. Geen laat besware sal oorweeg word nie.

### MK 56/2011
### PROPOSED CONSENT USE : PORTION 5 (EIKENHOF) OF THE FARM THE VINEYARD NO 111, MONTAGU (CELLULAR BASE STATION WITH COMMUNICATION MAST)

In terms of Section 15(2)a of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), notice is hereby given that an application has been received for the proposed consent use as set out below. This application is to be submitted to Council and will be available for scrutiny at Council's Department : Town Planning (Montagu) at 3 Piet Retief Street, Montagu. Further details are obtainable from Tracy Brunnings (023 - 614 1112) during office hours.

Applicant :- Cell C
Property :- Portion 5 (Eikenhof) of the Farm The Vineyard No 111, Montagu
Owners :- AP Burger Familie Trust
Locality :- 32km West of Montagu
Size :- 102,1467 ha
Proposal :- Cell C base station
Existing zoning:- Agricultural zone I

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application must be lodged in writing with the undersigned or at Council's Montagu office on or before, 25 June 2011. Any person who cannot write may come during office hours to a place where a staff member of the municipality named in the invitation, will assist that person to transcribe that person's comments or representations. Late objections will not be considered.

SA MOKWENI
MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

Privaatsak X2 Private Bag
ASHTON
6715

# ‘Parke belangrik vir gemeenskap-bou’



***Christina Willemse by die speelpark in Happy Valley, Bonnievale, waar sy as kind ook gespeel het en vandag haar kinders gereeld bring.***



***Kinders geniet hul gate uit by die speelpark in Happy Valley, Bonnievale, wat pas opgegradeer is. Gras is aangelê, die park is omhein en die speel-oppervlak by alle aparate is ook verbeter.***

Christina Willemse ken die Happy Valley speelpark in Bonnievale baie goed. Sy het ’n klipgooi daarvandaan grootgeword en het as kind gereeld daar gespeel.

“Hierdie park is seker meer as twintig jaar gelede opgerig,” vertel sy.

“Toe was dit dieselfde speel aparaat, maar hier was nie die pragtige gras nie. Ons het gespeel op klip en sand. Dit was wel gevaarlik, maar ons het die speelpark as kinders baie geniet.”

“Ons was dan so dankbaar toe die kliniek hier langsaan gebou word, want as kinders het ons ons hier nerf afgeval,” lag sy.

Vandag woon sy en haar man met hul drie seuns in Mountain View, ’n nuwe uitbreiding in Bonnievale.

“In Mountain View is daar ook ’n speelpark, maar daardie park is in dieselfde toestand as wat hierdie een twintig jaar gelede was,” verduidelik sy.

“Ek neem nie my kinders daarheen, maar bring hul eerder hierheen veral oor naweke wanneer ek vir my mahulle kom kuier.”

“As ’n ouer wil jy graag toesien dat jou kinders in veilige omstandighede moet speel en grootword en ek is oortuig dat die Langeberg Munisipaliteit daartoe verbind is veral wanneer ek in ag neem hoe hulle hierdie park opgegradeer het,” sê sy.

Sy was so beïndruk met die toestand van die park dat sy dit selfs oorweeg het om haar seun se derde verjaarsdag hier te hou.

“Dit is werklik ’n pragtige plek en dit is jammer dat ons nie toegelaat word om klein partytjies hier te hou nie, maar ek dink dat die munisipaliteit dit tog moet oorweeg om hierdie speel-areas meerdoelig te maak,” stel sy voor.

Sy sou ook graag wou hê dat hier sitbanke moet kom sodat ouers kan sit terwyl hulle toesig hou oor hulle kinders.

“Hulle kan ook gerus die speelpark vriendeliker maak ook vir ouers, want met hierdie gras sal ek enige tyd hier wil piekniek terwyl die kinders speel, maar hier is geen vullisdromme nie en ook nie ’n kraan nie.” sê sy.

“Parke moet gesien word as ’n belangrike skakel in ons gemeenskappe. Dit is die plekke waar gesinne hulle kan kom uitleef, maar ek sou graag wou voorstel dat die munisipaliteit meer parke in ons munisipale area moet bou en daardie parke ook meer ruimtelik moet maak sodat kinders vrylik kan rondhardloop en speel,” stel sy verder voor.

Die munisipale bestuurder, Mnr Andreas Mokweni, deel haar sentimente.

“Ons wil baie graag hê dat ons parke nie net parke vir kinders moet wees nie, maar ook plekke wat deur die gemeenskappe waarin dit is, opgepas word,” sê Mnr. Mokweni.

Die munisipale bestuurder doen ook ’n beroep op gemeenskappe om hierdie speelparke en ander parke op te pas en die munisipaliteit te help om vandalisme te keer deur vandaliste aan te spreek en gevalle by die munisipaliteit aan te meld.

# 16 June: Remembering the young



16 June, first celebrated as Soweto Day, is commemorated as Youth Day since 1994 to remember the anniversary of the Soweto and related uprisings in 1976.

This year’s national Youth Day celebrations, according the Minister in the Presidency, Collins Chabane, “takes place within the context of government’s declaration of 2011 as the year of job creation”.

The focus of this year’s Youth Month commemoration will be on youth empowerment and participation in the country’s socio-economic activities, job creation, health, fighting crime, rural development and education.

According to Chabane, the theme for this year’s celebrations is “Youth Action for Economic Freedom in Our Lifetime”.

The main event will take place on 16 June at the Orlando Stadium in Gauteng.

The Langeberg Municipality is dedicated to the development and advancement of the young people of the area.

Young people are encouraged to visit the Youth Advisory Centre in Robertson for any advice and assistance on business or career opportunities.

LANGEBERG

**TARIEFVASSTELLING VIR DIE FINANSIËLE JAAR**
**1 JULIE 2011 TOT 30 JUNIE 2012**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 75A (3) (b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, en artikel 14 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004, (Wet No 6 van 2004), dat die Langeberg Munisipaliteit water-, elektrisiteit-, riool-, vullisverwydering-, diverse- en eiendomsbelastingtariewe aangepas het, per Raadsbesluit A 2494. Aangehegte tariewe sal op 1 Julie 2011 in werking tree.

Die volgende eiendomsbelastingtariewe sal vanaf 1 Julie 2011 van toepassing wees:

| | |
|---|---|
| Algemeen | 0.59 sent/Rand |
| "Bona Fide" Boere | 0.08 sent/Rand |
| Residensiële eiendomme | 0.40 sent/Rand |
| Gemeenskap voordeel organisasies | 0.10 sent/Rand |

Volle besonderhede van die Raadsbesluit, korting op eiendomsbelasting en vasgestelde tariewe is ter insae op die munisipale webwerf (www.langeberg.gov.za) en by alle publieke biblioteke en munisipale kantore in die gebied van die Munisipaliteit.

**DETERMINATION OF TARIFFS FOR THE FINANCIAL YEAR**
**1 JULY 2011 TO 30 JUNE 2012**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 75A (3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 of 2000), and section 14 of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No 6 of 2004), that the Langeberg Municipality amended the tariffs for water, electricity, sewerage, refuse removal, sundry items and property rates per Council Resolution A 2494. The amended tariffs will be applied as from 1 July 2011.

The following property rates will be levied from 1 July 2011:

| | |
|---|---|
| General | 0.59 cent/Rand |
| "Bona Fide" Farmers | 0.08 cent/Rand |
| Residential properties | 0.40 cent/Rand |
| Public benefit organizations | 0.10 cent/Rand |

Full details of the Council resolution, rebates on property rates and particulars of the determined tariffs are available for inspection on the municipal website (www.langeberg.gov.za) and at all public libraries and municipal offices in the area of the Municipality.

**AMAXABISO AQULUNGQIWEYO ONYAKA-MALI KA- 1 JULAYI 2011**
**UKUYA KU-30 JUNE 2012**

Oku kukunazisa ngokuqulunqwe ngokomhlathi we-75A (3) (b) womthetho wamabhunga omasipala basekuhlaleni wenqubo ka-2000 (umthetho we- 32 ka 2000) iSolotya Kumthetho woorhulumente basemakhaya: werhafu yobunini wesirhulumente wasemakhya-ka-2004 (umtheto we- 6 ka 2004) ukuba ibhunga lomasipale wase- Langeberg linazise ngonyuso lwamaxabiso amanzi, umbane, uhambiso, lwendile, uthutho lwenkukuma kunye nerhafu yobunini. Ulonyuso luyakulungelelaniswa nesigqibo sebhunga A 2494 oluyakuqala ngomhla 01 Julayi 2011.

La maxabiso erhafu yobunini alandelayo ayakusetyenziswa ku Masipala wase-Langeberg ukususela ngo-01 Julayi 2011:

| | |
|---|---|
| Umgwenya | 0.59 cent/Rand |
| "Bona Fide" AmaFama | 0.08 cent/Rand |
| Izindlu | 0.40 cent/Rand |
| Nemibutho yophuliso loluntu | 0.10 cent/Rand |

Iinkcukacha ezingcweleyo ngezigqibo zebhunga, izaphulelo kwirhafu nenkcukacha ngamaxabiso asisigxina nangeziphakamiso zifumaneka kwi "website" ka-masipala (www.langeberg.gov.za) kunye nakumathala encwadi nakwii ofisi zika Masipala wa lengingqi.

SA MOKWENI
MUNISIPALE BESTUURDER/MUNICIPAL MANAGER/UMANEJALA KA-MASIPALA
Privaatsak X2/Private Bag X2, ASHTON, 6715

# ONTLEDING: Wat (of wie) die derde ngeberg-raad anders maak en hoe



iana Gagiano, die nuut-verkose uitvoerende burgemeester van die angeberg Munisipaliteit staan tussen die onder-burgemeester, Kendry Meyer, en die speaker, Davin Hull

## Nuwelinge dui nuwe rigting aan

Drie nuwelinge is verlede Dinsdag tot die hoogste posisies in die Langeberg raad verkies.

Diana Gagiano (DA) is verkies tot uitvoerende burgemeester en Kenry Meyer (COPE) tot onder-burgemeester.

Hul verkiesing is behartig deur die speaker wie ook tydens dieselfde raadsvergadering verkies is, Davin Hull (DA).

Terwyl al drie nuwelinge tot hierdie raad is, is dit slegs Gagiano wie voorheen as raadslid in die geamalgameerde munisipale raad gedien het, vanaf 2000 tot en met 2005.

Die uitvoerende onder-burgemeester wie van Robertson is, het ook wye ervaring as gemeenskapswerker en die speaker wie op McGregor woon, is 'n voormalige onderwyser.

Al drie sien uit na die uitdagings wat die nuwe geleentheid hul bied en is wel nuut in hierdie raad, maar nie nuut in politiek nie.

*LangebergExpress* wens hul drie hartlik geluk .

Die wie die plaaslike politiek noukeurig volg, sal weet dat die derde raad van die Langeberg Munisipaliteit anders is as die ander vorige twee.

In die twee termyne wat die huidige een voorafgegaan het, was daar slegs 19 raadslede; nege wyksraadslede en tien proporsionele raadslede. Maar omdat daar meer kiesers hulle hier kom vestig het of as gevolg van die verskeie uitbreidings wat regoor die munisipale area tot stand gekom het en ook omdat meer kiesers hulle geregistreer het, het dit meegebring dat die raad kwalifiseer vir meer raadslede.

Hierdie keer is daar 23 raadslede; 12 wyksraadslede en 11 proporsioneel.

Hierdie vergroting beteken ook dat die raad ook nou vir 'n vyfde burgemeesterskomitee-lid kwalifiseer.

Tydens die onlangse plaaslike verkiesing het die Demokratiese Alliansie 47.79% of 11 setels verower. Dit sluit in 10 wyksraadslede en een proporsionele raadslid.

Die ANC, wie 29.9% van die stemme kon kry, het twee wyke gewen en het vyf proporsionele raadslede gekry.

Congress of the People (COPE), People's Democratic Movement (PDM) en Western Cape Community (WCC) het elk een proporsionele raadslid gekry terwyl die nuwe party, Civic Independent (C!), twee raadslede in die raad het.

Die DA, wie tydens die 2005 plaaslike verkiesing slegs vier van die nege wyke kon wen, het hierdie keer amper skoonskip gemaak terwyl die ANC, wie voorheen vyf wyke gewen het, drie verloor het.

'n Ander verskil wat ook opmerklik is, is die feit dat die huidige raad vir die eerste keer deur 'n vrou gelei word nadat hierdie amp sedert 2000 deur verskeie mans beklee is.

Daar is ook 'n paar interesante byvoegings en weglatings in die raad.

Die mees opmerklikste is die feit dat drie voormalige burgemeesters nie meer in die raad dien nie.

John Ngonyama, Riaan de Jongh en Leon de Koker het albei nie na die verkiesing na die raad teruggekeer.

Die voormalige speaker, Mortimer du Preez, het ook nie weer teruggekeer.

Ngonyama, wie uit munisipale politiek getree het, is ook die enigste lid van die vorige burgemeesterskomitee wie nie terug is nie.

Raadslid Overnita Simpson (WCC), voormalige onder-burgemeester, Raadslid Christopher Grootboom (PDM) en Raadslid Errol Vollenhoven (ANC) is weer terug in die raad.

Van die DA se raadslede, is daar slegs twee, Raadslid Schalk van Eeden, wie ook aangewys is as burgemeesterskomitee-lid, en Raadslid Jacobus Burger, wie terugkeer. Die ander nege het almal nie in die vorige raad gedien.

In die ANC is daar egter drie raadslede wie terugkeer.

Die vergrote raad het egter nie beteken dat daar meer vroue in die raad is nie. Die vorige raad het ses vroue gehad en tans is daar slegs sewe vroue van wie een die burgemeester is.

Wanneer die party se vroue verteenwoordiging met mekaar vergelyk word, het die ANC meer vroue in sy koukus, maar dit is die DA en WCC wie albei vroue as hul burgemeesterskandidate gehad het.

COPE, PDM en CI het nie vroue verteenwoordiging in die raad nie.

Laastens is dit ook interesant om op te merk dat daar geen onafhanklike kandidate in die raad is nie en dat die Independent Democrats, wie voorheen drie proporsionele raadslede in die raad gehad het, nie meer verteenwoordiging in die raad het nie, maar dat daar nou twee nuwe partye, COPE en CI, verteenwoordiging in die raad het.

'n Ander interesante feit van die nuwe raad, is dat amper tien van die raadslede uit Robertson kom en vyf uit Bonnievale en dat albei die twee groot partye se burgemeesters-kandidate ook uit Bonnievale kom.

McGregor het net een raadslid in die raad.

Waar die raad voorheen deur 'n koalisie, gelei deur die ANC en ondersteun dier die PDM en WCC, beheer is, word die raad tans deur 'n koalisie, gelei deur die DA en ondersteun deur COPE en CI, beheer.

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**TENDER19/2011**
**VERSKAF EN AFLEWERING VAN 240ℓ WHEELIE BINS**

Tenders word hiermee aangevra vir die verskaf en aflewering van 240ℓ wheelie bins.

Verseelde tenders duidelik gemerk "Tender 19/2011: Verskaf en aflewering van 240ℓ wheelie bins."moet nie later as 12:00 op Vrydag 24 Junie 2011 in die tenderhouer, by die Munisipale Kantore, Hoofweg 28, Ashton, wees.

Die laagste of enige tender sal nie noodwendig aanvaar word nie. Die raad behou die reg voor om enige tender te aanvaar. Laat tenders, tenders per faks of e-pos sal nie aanvaar word nie Tenders sal geëvalueer word aan die hand van die Raad se Voorsieningskanaal Bestuursbeleid en sal die 80/20 puntestelsel geld. Die Voorsieningskanaal Bestuursbeleid is gedurende normale kantoorure ter insae.

Tenderdokumente en besonderhede kan verkry word by Me F Hugo by die Munisipale Kantore, Kerk St 52, Robertson gedurende normale kantoorure teen 'n nie terugbetaalbare fooi van R100.00 per stel.

Vir enige navrae in verband met die tender, kan Me Z. Lesia, by 023-626 8200 gekontak word.

**TENDER19/2011**
**SUPPLY AND DELIVERY OF 240ℓ WHEELIE BINS**

Tenders are hereby invited for the Supply and delivery of 240ℓ wheelie bins.

Sealed tenders clearly marked "Tender 19/2011: Supply and delivery of 240ℓ wheelie bins" should be placed in the tender box, at the Municipal Offices, 28 Main Road, Ashton not later than 12:00 on Friday, 24 June 2011.

The lowest, or any tender, will not necessarily be accepted and council reserves the right to accept any tender. Late, faxed or e-mailed tenders will not be considered. Tenders will be evaluated according to the Council's Supply Management Policy and the 80/20 point system will apply. The Supply Management Policy can be viewed during normal office hours at the Municipal Offices.

Tender documents may be obtained from Ms F Hugo at the Municipal Offices, 52 Church Street, Robertson during normal office hours at a non refundable fee of R100.00 per set.

Any enquiries regarding the tender document can be directed to Ms. Z. Lesia, at 023-626 8200.

SA MOKWENI
MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

Privaatsak X2 Private Bag
ASHTON
6715

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**MK NR. 48/2011**
**VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE VAN GEDEELTE ERF 1 (LANGS ERWE 1129, 899 EN 1094), MONTAGU**
**Ordinansie 15 van 1985 Grondgebruikbeplanning**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikels 17 en 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die Raad 'n aansoek ontvang het van Arnold Theron namens BSW Prop Holdings vir die onderverdeling van die restant van erf 1, Montagu in Gedeelte A (2680m²) en Restant en die hersonering van Gedeelte A vanaf Nutsgebruiksone na Algemene Nywerheidsone asook die konsolidasie van Gedeelte A met erf 1129, Montagu.

Die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure in die Montagu Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, moet nie later as 10 Junie 2011 skriftelik by die ondergetekende ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Jack van Zyl by telefoonnommer 023 - 614 8000. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of vertoë af te skryf.

**MN NO. 48/2011**
**PROPOSED REZONING, SUBDIVISION AND CONSOLIDATION OF PORTION ERF 1 (ADJACENT ERVEN 1129, 899 AND 1094), MONTAGU**
**Ordinance 15 of 1985 Land Use Planning**

Notice is hereby given in terms of Sections 17 and 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that Council has received an application from Arnold Theron on behalf of BSW prop Holdings for the subdivision of the Remainder of erf 1, Montagu into Portion A (2680m²) and Remainder and the rezoning of Portion A from Utility use zone to General Industrial zone as well as the consolidation of Portion A with erf 1129, Montagu.

The application will be open for inspection at the Montagu Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the undersigned before or on 10 June 2011. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023 - 614 8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

**MK NR. 50/2011**
**VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 2957, KOHLERSTRAAT 21, MONTAGU**
**Ordinansie 15 van 1985 Grondgebruikbeplanning**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die Raad 'n aansoek ontvang het van JH van Rooyen vir 'n hersonering van erf 2957, Montagu vanaf Sentrale Sakesone na Enkel Residensiële sone.

Die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure in die Montagu Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, moet nie later as 17 Junie 2011 skriftelik by die ondergetekende ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Jack van Zyl by telefoonnommer 023 - 614 8000. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of vertoë af te skryf.

**MN NO. 50/2011**
**PROPOSED REZONING OF ERF 2957, 21 KOHLER STREET, MONTAGU**
**Ordinance 15 of 1985 Land Use Planning**

Notice is hereby given in terms of Section 17 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that Council has received an application from JH van Rooyen for the rezoning of erf 2957, Montagu from Central Business zone to Single Residential zone.

The application will be open for inspection at the Montagu Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the undersigned before or on 17 June 2011. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023 - 614 8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

SA MOKWENI
MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

Privaatsak X2 Private Bag
ASHTON
6715




LANGEBERG *express*
ASHTON BONNIEVALE McGREGOR MONTAGU ROBERTSON

Hoe raak die munisipaliteit jou lewe?

Laat ons weet, deel jou storie.

KONTAK ONS:
Tel: (023) 616 3890
Faks: 086 594 8889
epos: langebergexpress@yahoo.com

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**Bonnievale Office**
**MN NO. 25/2011**
**PROPOSED REZONING AND SUBDIVISION OF PORTION ERF 462, BONNIEVALE**
**(Ordinance 15 of 1985, Land use planning)**

Notice is hereby given in terms of Sections 17 and 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that Council intends to rezone Portion erf 462, Bonnievale from Undetermined zone to Subdivisional Area and subdivide it into 136 Residential zone I erven, 1 Institusional zone I erf, 1 Institusional zone II erf, 4 Public Open Space zone erven and a Street (Transport zone II).

The application for the proposed rezoning will be open for inspection at the Bonnievale Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the Municipal Manager, Private Bag X2, Ashton, 6715, before or on 8 July 2011. Further details are obtainable from Mr Kobus Brand (023 - 614 8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

**Bonnievale Kantoor**
**MK NR. 25/2011**
**VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN GEDEELTE ERF 462, BONNIEVALE**
**(Ordonnansie 15 van 1985, Grondgebruikbeplanning)**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikels 17 en 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die Raad van voorneme is om Gedeelte erf 462, Bonnievale te hersoneer vanaf Onbepaalde sone na Onderverdelingsgebied en dit te onderverdeel in 136 Residensiële sone I erwe, 1 Institusionele sone I erf, 1 Institusionele sone II erf, 4 Publieke Oopruimte sone erwe en 'n Straat (Vervoersone II).

Die aansoek insake die voorgenome hersonering lê ter insae gedurende kantoorure in die Bonnievale Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige moet nie later as 8 Julie 2011 skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X2, Ashton, 6715, ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Kobus Brand by telefoonnommer 023 - 614 8000. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of vertoë af te skryf.

**Ashton Office**
**MN NR. 57/2011**
**PROPOSED DEPARTURE**
**ERF 131, MONTAGU STREET, ASHTON**

Notice is hereby given in terms of Section 15 of the Land Use Planning Ordinance no 15 of 1985 that Council has received an application from MMM Botha for a departure, to erect a second dwelling on erf 131, Ashton.

The application for the proposed departure will be open for inspection at the Ashton Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the Municipal Manager, Private Bag X2, Ashton, 6715, before or on 8 July 2011. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023 - 614 8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

**Ashton Kantoor**
**MK NR. 57/2011**
**VOORGESTELDE AFWYKING**
**ERF 131, MONTAGUSTRAAT, ASHTON**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 15 van Ordonnansie nr 15 van 1985, dat die Raad 'n aansoek van MMM Botha ontvang het vir 'n afwyking, ten einde 'n tweede woning op te rig op erf 131, Ashton.

Die aansoek insake die voorgenome afwyking lê ter insae gedurende kantoorure in die Ashton Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige moet nie later as 8 Julie 2011 skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X2, Ashton, 6715, ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Jack van Zyl by telefoonnommer 023 - 614 8000. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of vertoë af te skryf.

**MN NO. 53/2011**
**PROPOSED SUBDIVISION OF ERF 1924, RIJGER AVENUE, ROBERTSON**
**Ordinance 15 of 1985 Land Use Planning**

Notice is hereby given in terms of Section 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that Council has received an application from Umsiza Planning on behalf of G Coetzee for the subdivision of erf 1924, Robertson, into two portions (Portion A - ±1478m² and Remainder - ±1440m²).

The application will be open for inspection at the Robertson Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the undersigned before or on 24 June 2011. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023 - 614 8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

**MK NR. 53/2011**
**VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 1924, RIJGERLAAN, ROBERTSON**

Ordonnansie 15 van 1985 Grondgebruikbeplanning

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die Raad 'n aansoek ontvang het van Umsiza Planning namens G Coetzee vir die onderverdeling van erf 1924, Robertson, in twee gedeeltes (Gedeelte A - ±1478m² en Restant - ±1440m²).

Die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure in die Robertson Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, moet nie later as 24 Junie 2011 skriftelik by die ondergetekende ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Jack van Zyl by telefoonnommer 023 - 614 8000. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of vertoë af te skryf.

SA MOKWENI
MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

Privaatsak X2 Private Bag
ASHTON
6715

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**TENDER FOR THE SUPPLY AND DELIVERY OF A HOOKLIFT ROLL-ON DOUBLE AXLE TRUCK AND 4 X 30M³ STEEL BINS**
**Tender: 09/2011**

Completed tenders in sealed envelopes clearly marked as specified below must be placed in the tender box at the Municipal Offices, 28 Main Road, Ashton before 12:00 on Friday, 01 July 2011, where after the tenders will be opened in public.

A two envelope system is in operation. Two separate envelopes, marked as follows, must be handed in by tenderers:

Envelope 1: Technical Requirements and Mandatory Forms

Envelope 1 must be clearly marked: Tender . Tender: 09/2011 Envelope 1: Technical/Functional Requirements and Mandatory Forms: Supply and delivery of roll-on double axle truck and 4 X 30m³ steel bins: :All information documents as per Schedule 1 in the Tender documents provided by the Langeberg Municipality must be enclosed and sealed within this envelope.

Envelope 2: Price

Envelope 2 must be clearly marked: Tender 9/2011: : Envelope 2: Price : Supply and delivery of roll-on double axle truck and 4 X 30m³ steel bins:

Late tenders or tenders received by fax or incomplete tenders will not be accepted. The lowest or any tender will not necessarily be accepted. Proof of despatch of a tender will not be regarded as proof of receipt thereof.

Tenders will be evaluated according to the Council's Supply Chain Management Policy and the applicable 90/10 point system will be applied after technical/functional evaluation. The Supply Chain Management Policy can be viewed during normal office hours at the Municipal Offices and is available on the municipal website Langeberg.gov.za.

Tender documents may be obtained from Ms M Snyman at the Municipal Offices, 28 Main Road, Ashton or telephone (023) 615 8000 during normal office hours at a non refundable fee of R150.00 per set. Any enquiries regarding the completion of tender document can be directed to D. Steyn.

SA Mokweni
Municipal Manager
Private Bag X2
ASHTON
6715

**TENDER VIR DIE VERSKAFFING EN AFLEWERING VAN DUBBEL-AS VRAGMOTOR MET HOOKLIFT EN 4 X 30M³ STAALHOUERS**
**Tender: 09/2011**

Volledige ingevulde tenders in verseëlde koeverte en duidelik gemerk soos hieronder gespesifiseer moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore, Hoofweg 28, Ashton geplaas word voor 12:00 op Vrydag, 01 Julie 2011, by welke geleentheid tenders in die openbaar oopgemaak sal word.

'n Twee koevertstelsel is in werking. Twee afsonderlike koeverte, as volg gemerk, moet deur tenderaars ingehandig word:

Koevert 1: Tegniese Vereistes en Verpligte Vorms

Koevert 1 moet duidelik gemerk word: Tender Koevert 1: Tegniese/funksionele vereistes en Verpligte vorms. Verskaffing en aflewering van Dubbel-as Vragmotor met haakhyser (Hooklift) en 4 X 30m3 Staalhouers Alle inligtingstukke soos per Skedule I in die Tenderdokumente verskaf deur die Langeberg Munisipaliteit moet in die koevert ingesluit en verseël word.

Koevert 2: Prys

Koevert 2 moet duidelik gemerk word: Koevert 2: Verskaffing en aflewering van Dubbel-as Vragmotor met haakhyser (Hooklift) en 4 X 30m3 Staalhouers Prys.

Laat tenders, tenders wat onvolledig is óf tenders per faksimilee sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van 'n tender sal nie as bewys van ontvangs daarvan erken word nie. Die Munisipaliteit is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie.

Tenders sal geëvalueer word aan die hand van die Raad se Voorsieningskanaalbestuursbeleid en na afloop van Tegniese/Funksionele evaluering sal die 80/20 puntestelsel geld. Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid is gedurende normale kantoorure ter insae by die Munisipaliteit, asook beskikbaar op die munisipale webwerf Langeberg.gov.za.

Tenderdokumente en besonderhede kan verkry word by Me M Snyman by die Munisipale Kantore, Hoofweg 28, Ashton of by telefoon (023) 615 8000 gedurende normale kantoorure teen 'n nie terugbetaalbare fooi van R150.00 per stel. Vir enige navrae met die voltooiing van die tenderdokument kontak Mnr. D. Steyn.

SA Mokweni
Munisipale Bestuurder
Privaatsak X2
ASHTON
6715